durbanville-bergsig gemeente · sy ligdraers

# Bergsig Boodskap

**7 April 2019**

**7 April 2019, DOOP**
**Preekreeks TRINITEIT: SEUN**
**SESDE LYDENSWEEK**

| | |
|---|---|
| 08:15 | **Klassieke diens**<br>Ouditorium<br>*Ds. Johan Els*<br>**Glow Kidz Diens (Saal)**<br>*Stephanie Steenkamp* |
| 10:00 | **Informele diens**<br>Ouditorium<br>*Ds. Johan Els*<br>**Glow Kidz Diens (Saal)**<br>*Stephanie Steenkamp* |
| 18:00 | **@6 Diens**<br>*Arno Mattheus* |

**Deuroffer: Hoop & Versoenings-trust**

**14 April 2019,**
**Preekreeks TRINITEIT: SEUN**
**SEWENDE LYDENSWEEK**

| | |
|---|---|
| 08:15 | **Klassieke diens**<br>Ouditorium<br>*Ds. Mizelle Prinsloo*<br>**Glow Kidz Diens (Saal)**<br>*Stephanie Steenkamp* |
| 10:00 | **Informele diens**<br>Ouditorium<br>*Ds. Mizelle Prinsloo*<br>**Glow Kidz Diens (Saal)**<br>*Stephanie Steenkamp* |
| 18:00 | **@6 Diens**<br>*Ds. Johan Els* |

**Deuroffer: Gemeenteontwikkeling**

## NUUS:

7 April: Doop, Preekreeks Triniteit: Seun
9&10 April: Personeel wegbreek
16 April: Nuwe lidmate verwelkoming
18 April: Senior Huisbesoektee
18 April: Lydensnagmaal 19:00
19 April: Goeie Vrydag 9:00
21 April: Paasfees
18 -21 April: Heuningvlei Familiekamp & Uitreik
23 April: Doopkategese
27 April: Betesda-mark




Die seisoen het gedraai - mens voel en sien die herfs in die lug.

Daar is ook 'n draai in die kerkkalender - Lydenstyd begin nou oorgaan in Paasfees wat voor ons deur staan.

Ons slaan ook oor na die volgende gedeelte in ons jaartema: Lewe in Sy lig waar ons fokus in die eerste kwartaal op die VADER was wat GESKEP het, kyk ons nou na die SEUN wat aan ons GEGEE is.

Die fokus is so gepas in Paasfees - as offerlam - die bloed daadwerklik aan ons harte gesmeer soos in die Ou Testament aan die Israeliete se deurkosyne.

Wanneer die tyd aanstap, seisoene draai, die kerkjaar aanstap dink ons. Ons dink diep … ons word stil en ons kom tot inkeer.

Ons sit en peins en kyk uit oor die tuin na die blare wat verander - ons dink oor ons lewe en hoe die SEUN dit kom verander het as lydende dienskneg, gehoorsaam aan Sy Vader.

Angela Tilby (predikant in Engeland) skryf in 'n artikel met die titel: **The value of not seeking the limelight**:

*"There is serenity as well as challenge in St Ignatius's aspiration, 'To give and not to count the cost, to fight and not to heed the wounds, to toil and not to seek for rest; to labour and not to seek for any reward, save that of knowing that we do thy will.'"*



**Moeilik?** Hoe sluit dit aan by jou begrip van gehoorsaamheid, geduld, onderdanigheid, gedienstigheid? **Outydse deugde aan die verdwyn?**

## Kom Beleef Paasfees!

Baie van ons ken die verhaal van Goeie Vrydag en Paassondagoggend, maar het jy dit al beleef? Paasfeesprediker: Ds. Johan Els

**Donderdagaand 18 April 19:00** gaan ons 'n **virtuele toer van die Tabernakel** onderneem en beleef hoe Jesus elke aspek daarvan vervul. Ons gebruik ook saam Nagmaal.

**Vrydagoggend om 09:00** gaan ons kyk na **skilderye van die Kruisverhaal**. Wat sien jy? Wat beleef jy?

**Sondagoggend 09:00** is **Feesvierdag**! En dis 'n **verrassing**...

# Vanuit die Uitreikkantoor …


Skakel Annamaré by (021) 976 4106 uitbreiding 103, as jy betrokke wil raak by uitreikprojekte of e-pos na uitreike@bergsigdv.co.za

**Geloofsgelofte-Offers (GGO) OORSIG VIR 2018/2019**

GGO-donasies deur gemeentelede verteenwoordig die primêre bron van finansies ter ondersteuning van Bergsig-uitreike. Die GGO-projek in Bergsig is in die lewe geroep in 1997. Dit het stelselmatig gegroei oor die afgelope twee dekades en is die R1 miljoen jaarlikse GGO-inkomstekerf vanjaar, soos tydens die 2015/16 en 2016/17 kerkjare, oorskry.

Lidmate beloof 'n bedrag aan God, **BO EN BEHALWE HUL MAANDELIKSE NORMALE DANKOFFER.**

**Die totale verspreiding van R1 061 694 t.o.v. 2018/19 het soos volg geskied, nl.**







| | | |
|---|---|---|
| Totaal aan projekte / instansies binne Suid-Afrika | R432440 | 40.7% |
| Totaal Afrika (buite Suid-Afrika) | R171788 | 16.2% |
| Totaal Afrika ( Suid-Afrika ingesluit) | R604228 | 56.9% |
| Totaal Ander Kontinente (Buite Afrika) | R422730 | 39.8% |
| Totaal ander ondersteuning en administrasie | R34736 | 0.6% |
| **Groot Totaal** | **R1061694** | **100.0%** |

Die GGO-verdeling per projek / instansie vir 2017/18 is beskikbaar vir belangstellendes by Annamaré Visser, Bergsig se Uitreike-koördineerder.

Ons opregte dank aan ons Hemelse Vader wat hierdie projek seën en in stand hou ter ondersteuning van Sy Koninkrykswerk. Groot dank en waardering aan elke Bergsig GGO-donateur vir u getroue voortgesette ondersteuning.

**Bergsig GGO-donateurs word vriendelik herinner om alle elektroniese GGO-donasies altyd duidelik in die verwysingsveld met 'n "GGO"-verwysing te merk ten einde dit van Bergsig dankoffers / bydraes te onderskei, aangesien dieselfde bankrekening vir beide bydraes gebruik word. Hartlik dankie.**

Dit is ook belangrik om te onthou dat die bedryfsbegroting van Bergsig instand gehou word deur lidmate se bydraes en die twee bene nie sonder mekaar kan funksioneer nie.

**Hierdie Gemeente is een groot skip in God se Koninkryk.**

# Bergsig-Uitreikhulp

**Werkgeleentheid gevra:**

Ek is alleenlopend, woonagtig in Durbanville en geniet goeie gesondheid.
Alhoewel ek nie oor 'n eie voertuig beskik nie is ek in besit van 'n geldige PDP lisensie.
Ek werk graag in 'n span en is ten volle tweetalig. Het goeie kommunikasievaardighede en het 'n basiese kennis van die konstruksiebedryf.
Onmiddellik beskikbaar. Ouderdom 43.
Skakel Stefan asseblief by 060 618 8418



# Voorbidding

*Bel Ds. Mizelle by 083 394 1101 om deel van die gebedsketting te word of e-pos na: ds.mizelle@bergsigdv.co.za*

## Knieltyd

| | | | |
|---|---|---|---|
| Amanda Bleuler | Cabernetslot 21, 021 9761659 | Man oorlede | Troos en bemoediging |
| Hammies Mouton en kinders | Randstraat 17, 082 377 5444 | Vrou en ma oorlede | Troos en bemoediging |
| Ludi Erasmus | Barbarosa 13, 063 691 1754 | Moeder oorlede | Troos en bemoediging |
| Pieter Scholtz | Sunbirdsingel 69, 082 456 4076 | Pa oorlede | Troos en bemoediing |
| Engela Venter | Hampton Gate 21, 066 222 0787 | Moeder oorlede | Troos en bemoediging |
| Stella Malan | Erf 168 Klipheuwelpad, 083 726 4167 | Ma en skoonma oorlede | Troos en bemoediging |

**Bid vir die plaaslike SAPD vir kalmte en bemoediging**
**Bid vir Bergsig kinders wat antwoorde soek op geestelike en emosionele gebiede.**
**Persone met verslawingsprobleme. Ons bid vir bevryding, wysheid en insig.**
**Persone in gemeente met huislike probleme. Ons bid vir versoening en geluk.**
**Persone met finansiële probleme en moeilike omstandighede - Ons bid vir oplossing, wysheid en insig.**
**Bid vir die Regering en leiers van ons land.**
**Bid vir bekering van misdadigers en geweldenaars in ons omgewing en land.**

**Vir bydraes of versoeke, skakel Elize 021 976 4106**




Ons begin n masssiewe beweging teen boelie in Suid-Afrika en het ook die eerste en enigste anti-boelie dag wat elke jaar gaan plaasvind. Ons roadshow is geskryf deur die bekende kinder-boekskrywer Louise Smit en ons het twee karakters daarvoor - die mier Miki Mee en die Bul Dula Boola.

Ons benodig 'n BUL 'mascot'

1. Die persoon in die bulkostuum moet gemiddeld so 1,75 – 1,80 lank wees en die grootte van die klere is 34-36. Ons wil graag n span opbou sodat as die een persoon nie kan toer nie, dan kan die ander.
2. Die eerste en belangrikste is 3 Mei 2019 vanaf 09:00 – 19:00 op ons nasionalde dag by Tygervallei. Daar sal ook vooraf geoefen moet word vanaf volgende week tot die nasionale dag op 'n gereelde basis, so uur of wat op n keer. Dit sal ons weer bevestig.
3. Dan doen ons 'n skool in Somerset-Wes einde Mei
4. Die 27ste Mei toer ons in die Overberg-distrik en slaap oor in Gansbaai een aand
5. Die 5de Maart toer ons in die Waenhuiskrans area en slaap daar ook uit een aand
6. Dan Aug en Sept toer ons ook vir een aand in die Overberg.







### BID SAAM VIR DIE GEMEENTE SE BEGROTING

Die kerkraad versoek dat lidmate in die week saam bid vir die 2019/2020 BEGROTING en die spesiale vergadering wat daaroor handel op 8 April.

Die begroting word voorgelê met spesifieke aksieplanne vir die jaar om in vertroue goedgekeur te word.

Die Gemeente is 'n groot skip wat haar roeping in God se Koninkryk uitleef deur die verantwoordelike verkondiging van die Evangelie.

Wanneer ons harte, tyd, gawes, talente, besittings en geld BEKEER is, verstaan ons waarom ons 'n bydrae tot God se Koninkryk maak. Ons verstaan dan dat ons deel vorm van die liggaam van God. Ons leef anders en ons dra ook anders by tot die Koninkryk.

## Personeel-Wegbreek

8 & 9 April kom die personeel plaaslik in 'n personeellid se woning bymekaar vir hul tweejaarlikse stilword om die "ratkas" weer te olie.

Die personeel befonds self groot gedeeltes van die wegbreek.

Ons vra die Gemeente se voorbidding vir die geleentheid.

Kinders wat Glo en Leef met Omgee in ons Wêreld

GlowKidz is opgewonde om met 'n kindererediens tydens ons vroeë klassieke diens te begin op 7 April 2019. Ons besef dat daar ouers is wat graag die klassieke diens wil bywoon of bloot verkies om vroeër op 'n Sondag kerk toe te gaan. Daarom gaan ons die 10:00 Glowdiens nou ook om 8:15 aanbied in die saal. Aangesien ons leiers om 10:00 aan diens is sal die kinders vir eers tydens die 8:15 diens nie na onderskeie klasse verdaag nie, maar sal die klaslesse in die saal aangebied word met dieselfde aktiwiteite en materiaal. Elke Glowkid sal dus met dieselfde boodskap by die kerk uitstap, ongeag watter diens hy of sy bywoon.Vir navrae, kontak gerus vir Stephanie by junior-jeug@bergsigdv.co.za of 0832787111.

## BABA- EN KLEUTER-FASILITEITE

Langs die damesbadkamer op-pad na die galery is 'n lokaal ingerig vir ouers met **babas tot een jaar**. Die erediens kan steeds gevolg word deur eenrigtingglas.

**Vir ons peuters (1-3 jaar)** het ons 'n speellokaal agter die verhoog van die ouditorium. Die lokaal is spesifiek ingerig vir peuters met ouderdomstoepaslike speelgoed en 'n familiebadkamer met 'n doekruilstasie (baba's is ook welkom daar). Die diens word uitgesaai na hierdie lokaal. Ouers kan ook van ons oppasdiens gedurende die klassieke en informele diens gebruik maak in die lokaal. Elke peuter sal 'n nommer ontvang sodat, indien nodig, 'n ouer gedurende die diens in kennis gestel kan word sou sy/haar kind hom/haar benodig. Oppassers is vrywilligers uit die gemeente wat op hierdie manier dien.



## DEMOKRASIE ... 25 JAAR LATER

Die **Winterskool** wat jaarliks aangebied word deur die Fakulteit Teologie, Universiteit Stellenbosch in samewerking met die Beyers Naudé Sentrum vir Publieke Teologie, Ekklesia en Communitas, vind plaas van **16 – 18 Julie 2019**.

Die tema is *Reflecting on 25 years of democracy - in dialogue with religion.* Me Melanie Verwoerd, Dr Pali Lehohla en Prof Allan Boesak is die hoofsprekers.

Stel jy belang?

**Kontak: Wilma le Roux** Communitas Tel: 021 808 3624

## Seniors Huisbesoekkuiertee

Liewe Seniorlidmaat, al is dit vir ons onmoontlik om by elkeen persoonlik besoek af te lê wil ons tog saam met jul tyd spandeer. Ons hou 2 Huisbesoekkuiertee's gedurende die jaar, waarvan die eerste op 18 April 2019, by NGK Bergsig om 9:30 sal wees. By die geleentheid verwelkom ons alle seniors wat gebore is in die jare 1944 tot 1949 (almal wat vanjaar 70 - 75 jaar oud word). Indien jul kan saamkuier kan jul asb. die kerkkantoor laat weet voor of op 15 April 2019 voor 12:00.

**Let Wel: alle gades wat buite die ouderdomsgroep val is welkom om saam te kuier.**

## Seniors besoek Houtbaai




Die seniorgroep het onlangs 'n heerlike uitstappie na Houtbaai gehad. Die goeie weer het bygedra tot die joligheid.

## Conspirito Koor

Met Tygerberg Stadskoor en Kaapse Kamerkoor, orkes en soliste.

Saterdag 13 April 19.30 Uitsig NG Kerk

Program: Faure Requiem en Mozart Klarinetkonsert.

Webticket en by die deur R140 en R100.

## Durbanville Kinderhuis PAASPROJEK

Jy kan PAASVREUGDE bring in die kinders se lewe wat nie huis toe gaan oor die langnaweek nie.

Paaseiers vir 'n Paaseierskattejag
Bederfpakkies (met 'n spesiale boodskappie en lekkergoed in)
Lekkergoed (chips, warm sjokolade, koekies, springmielies en geurmiddels, ens.)
Speletjies (binnenshuis en buite) & DVD's
Fondse vir Paasfees kan inbetaal word.
Navrae: Melanie Stipp marketing@durbanvillekinderhuis.org.za

**Om vrywillig deel te word van die kerk se algemene WhatsApp 'broadcast' groep stuur jou naam en van na: 071 529 9491**




## WONDER JY OOR ONS UITREIKBEDIENING?

Kleingroepe, families, senior Bybelstudiegroepe kom wees deel van die Amazing Race op 1 Mei 9:00 tot 12:00.

Hierdie ontdekkingsreis gaan prettig wees, maar jou meer leer oor waar Bergsig se Geloofsgelofte-Offergelde spandeer word.

Om in te skryf kontak: uitreike@bergsigdv.co.za




## Kortkursus Narratiewe Terapie

Hennie Swanepoel bied vir ons die inleidende kursus aan by Durbanville-Bergsig 12 &13 April.

- Nuwe persone R1900 (en as sulke persone by die eerstejaarsgroep aansluit word daardie fooi bloot van hulle langer kursusfooi afgetrek) - Daar is 'n Facebook Geleentheid daarvoor geskep wat julle kan “like” om op hoogte te bly. Daar is ook 'n webblad (sien onder).

- Studente tans in kursus van enige jaar kan dié kursus teen 'n nominale R200 ook bywoon. Dit sal dan dien as 'n 'recap' van die werk waarmee julle reg aan die begin weggespring het (Alice Morgan - What is Narrative Therapy)

- Vorige jare se studente: R540

Kits-skakels vir kortkursus:

Webblad oorsig:
http://coramdeo.co.za/narrative-therapy-introduction-courses/

Aanlyn registrasievorm vir kortkursus:
https://goo.gl/forms/KZbdJEGVZeormMx03

'Event' of Facebook op te kan 'share':
https://www.facebook.com/events/1915238445268709/

**Navrae: Liezl Loubser 021-976 4106**

## NUWE LIDMATE

**Kom sê hallo by die ontvangstoonbank!**
**Kontak die kerkkantoor as jy wonder hoe om lidmaat te raak administrasie@bergsigdv.co.za**






# PAASNAWEEKPLANNE?

## Heuningvlei-Cederberge familie-vriendelike uitreik



Gesinne het baie keer die behoefte om meer interaksie met ander kulture te hê en ook hul geloof te deel, maar weet nie altyd waar en hoe nie.

18-22 April 2019 bied so 'n geleentheid vir gesinne in 'n veilige omgewing.

Die familiekamp en uitreik strek oor Paasnaweek en sluit 'n Paasgrogram in.

Daar is nog plek vir die laatslapers.

Besoek www.bergsigdv.co.za/gebeure

Navrae: Jaco van Vuuren
jaco@memoryinstitute.co.za




## Sout … LIG … Liefde = Diensbaarheid







scan to donate now
zapper
donate with
VISA
and many more
www.zapper.com

**NG Kerk Durbanville-Bergsig**
021 976 4106 • administrasie@bergsigdv.co.za •
www.bergsigdv.co.za
**Facebook:** Durbanville-Bergsig kerk - Sy ligdraers
**Straatadres:** H/v. Boland- en Proteaweg, Durbanville 7550
**Posadres:** Posbus 479, Durbanville, 7551
**Kantoor-ure:** Ma tot Vry 08:00 - 14:00
Leraars en kantoorpersoneel kan daagliks by die kerkkantoor gebel word.
**24 uur nood** vir geestelike & emosionele ondersteuning bergsig911@bergsigdv.co.za
**S33 48.966 O18 39.728**
**Bankbesonderhede:** NGK Durbanville-Bergsig, ABSA, 1410590154,Tak: 334810

SnapScan
Snap here to pay
https://pos.snapscan.io/qr/ALS0527